Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2012

# REKENINGKUNDE MEMORANDUM

**PUNTE: 300**

Die memorandum bestaan uit 15 bladsye.

## ALGEMENE REËLS:

1. Ken volpunte toe vir die korrekte finale antwoorde. Indien die antwoord verkeerd is, merk die bewerkinge. As 'n bewerkingsbedrag /-getal as finale antwoord gegee is, ken die bewerkingspunte toe.

2. "Metode" punte word soos volg aangedui ☑
   - In die berekeninge en die finale totale moet ten minste een deel reg wees om 'n punt te kan verdien.
   - In die geval waar die antwoorde van vorige vrae gebruik moet word, kontroleer of die bedrag reg oorgedra is.
   - Ignoreer hakies by die state, maar kontroleer die berekening voordat punte toegeken word.

3. Waar gepenaliseer word, kan die punte vir die afdeling nie negatief wees nie. (vreemde items)

4. Vrae waar daar verduidelikings en opmerkings/kommentaar gevra word, ken deelpunte toe. 'n Goeie verduideliking sal gewoonlik die korrekte antwoord gee en dit verduidelik. Wees bedag daarop dat ander bewoording dieselfde antwoord kan wees. Die merkriglyne gee ons sekere verduidelikings-dit is nie voldoende. Lees die kandidaat se antwoord en gee krediet vir die regte interpretasie.

5. Waar geskikte/aanvaarbare afkortings gebruik word, aanvaar dit.

## VRAAG 1

## VERVAARDIGINGSONDERNEMINGS (45 punte ; 27 minute)

1.1 Bereken die ontbrekende bedrae aangedui van **(a)** tot **(e) op die onderstaande Staat en Notas**:

<table>
<tr><td>(a)</td><td colspan="2">156 x 350 = 54 600 ✓     32 736 ✓ + 54 600 = 87 336 ☑</td><td>(3)</td></tr>
<tr><td>(b)</td><td>359 320 + 87 336 = 446 656<br>✓ ☑ ☑</td><td rowspan="3">Ten minste een deel van die bewerking moet reg wees om punt ☑ vir die antwoord in elke geval te behaal.<br><br>Kontroleer die oordrag van totale in (b), (c) en (d)</td><td>(3)</td></tr>
<tr><td>(c)</td><td>446 656 + 178 544 = 625 200<br>☑ ✓ ☑</td><td>(3)</td></tr>
<tr><td>(d)</td><td>625 200 + 32500 – 630 500 = 27 200<br>☑ ✓ ☑</td><td>(3)</td></tr>
<tr><td>(e)</td><td colspan="2">32 500 + 351 500 – 359 320 = 24 680<br>✓* ✓ ☑<br>*Een punt vir beide bedrae of totaal : 384 000</td><td>(3)</td></tr>
</table>

15

1.2 **Nota 2: Vervaardigingskoste (Fabrieksbokoste)**

| | | |
|---|---|---|
| Indirekte arbeid | **42 500** | |
| Fabrieks Indirekte Materiaal (2 260✓ + 48 190✓ – 3 250✓) | 47 200 | ☑ |
| Versekering (19 600 x 60%) | 11 760 | ✓✓ |
| Water en elektrisiteit (52 800 x $^{5}/_{8}$) | 33 000 | ✓✓ |
| Waardevermindering van fabrieksaanleg en -toerusting | **25 000** | |
| Diverse Fabrieksuitgawes | **19 084** | |
| | **178 544** | |

8

1.3 Bereken die eenheidskoste van die klaarprodukte vervaardig.

$$\frac{630\,500\ \checkmark}{25\,220\ \checkmark} = R25\ ☑$$

3

1.4 **Bereken die Bruto-wins vir die jaar.**

Verkope – Koste van Verkope = Bruto-wins
1 069 600 – (67 680 + 630 500 – 82 960)
✓ ✓ ✓ ✓
= 454 380☑

Koste van Verkope:

| Klaarprodukte voorraad | |
|---|---|
| a/b 67 680 | ***615 220*** |
| 630 500 | o/d 82 960 |

5

1.5 Kan die besigheid hiermee tevrede wees:

a) Die totale aantal eenhede vervaardig gedurende die jaar? Brei uit.

Ja✓
Het meer goedere gedurende die jaar geproduseer as die aantal eenhede vir die gelykbreekpunt en daarom maak die besigheid 'n wins. Die winsopslag moet met die vorige jaar vergelyk word om die winsgewendheid te bepaal.
*Enige aanvaarbare rede* ✓✓

3

b) Die gelykbreekpunt eenhede in vergeleke met verlede jaar? Verduidelik.

Nee. ✓
Meer eenhede moes hierdie jaar geproduseer word om gelyk te breek. Kan as gevolg van styging in pryse wees. Die persentasie toename is baie meer as die inflasiekoers in ag geneem dat daar vermorsing ens. kon wees.
*Enige aanvaarbare rede* ✓✓

3

1.6 Die interne ouditeur het waargeneem dat die oortyd-verdienste 'n groot deel van die totale produksielone uitmaak. Hy versoek dat die produksiebestuurder die saak moet ondersoek.

1.6.1 Beskryf kortliks die rol van die interne ouditeur.

Onafhanklike aktiwiteit
Ondersoek, ontleed en evalueer of die interne kontroles in plek is.
Toets voldoening/"compliance" tot die maatskappy en rekenkundige beginsels.
Neem kennis van swakhede en gee raad aan die bestuur oor maniere hoe om die prosesse te verbeter.
*Enige aanvaarbare verduideliking* ✓✓

2

***1.6.2*** Noem TWEE probleme wat die besigheid mag ervaar met die oortyd en stel gepaste interne kontrolemaatreëls voor wat gebruik kan word om die vrese van die interne ouditeur te besweer.

***Probleme geïdentifiseer:***
Produksievlakke word dalk nie bereik gedurende normale ure nie.
Swak toesig oor werkers in die produksie afdeling.
Die maatskappybeleid oor oortyd is miskien nie duidelik of streng genoeg nie.
Etiese probleme:
Onakkurate aantekening/magtiging/goedkeuring van oortyd
Swak dissipline van werknemers (tydvermorsing, leeglêery, pouses ens.)
*Enige aanvaarbare verduideliking (x2)* ✓✓ ✓✓

***Voorstel:***

Stel produksiedoelwitte wat gedurende normale tyd voltooi moet wees (doen tyd- en bewegings studies om dit te bepaal).
Beperk oortyd ure per werknemer per maand.
Ontdek alternatiewe metodes van produksieprosesse/-uitleg.
Roteer toesig, verdeling van pligte ens.
*Enige aanvaarbare verduideliking (x2)* ✓✓

**[45]**

## VRAAG 2

## BEGROTING EN VERTOLKING (55 punte ; 33 minute)

2.1 Noem DRIE items (op die voorbereide begroting) wat nie in 'n kontantbegroting hoort nie.

| | |
|---|---|
| (1) | Koste van Verkope<br>Korting toegestaan |
| (2) | Waardevermindering<br>Oninbare Skulde |
| (3) | *Enige drie ✓ ✓ ✓ (een punt elk)* |

3

2.2 KREDITEURE-BETALINGSKEDULE VIR DIE DRIE MAANDE EINDIGENDE 31 MAART 2012

| | KREDIET AANKOPE | JANUARIE | FEBRUARIE | MAART |
|---|---|---|---|---|
| NOVEMBER | **126 400** | **18 960** | | |
| DESEMBER | ✓ 144 000 | **108 000** | ✓✓ 21 600 | |
| JANUARIE | ✓ 128 000 | **12 160** | ✓✓ 96 000 | ✓✓ 19 200 |
| FEBRUARIE | ✓ 124 000 | | ✓✓ 11 780 | ✓✓ 93 000 |
| MAART | ✓ 124 800 | | | ✓✓ 11 856 |
| KONTANTBETALINGS AAN KREDITEURE | | **139 120** | ☑ 129 380 | ☑ 124 056 |

18

2.3 Verduidelik waarom die advertensiebedrae in die geprojekteerde inkomstestaat verskil van die bedrae in die kontantbegroting.

Die geprojekteerde inkomstestaat reflekteer al die nominale rekeninge gelyk vir die hele finansiële jaar, terwyl die kontantbegroting die bedrag sal aandui in die maand waarin dit betaal moet word. *Enige aanvaarbare verduideliking (Goed, bevredigend, swak) ✓✓✓*

3

2.4 Bereken die volgende:

2.4.1 Die winsopslag persentasie op kosprys behaal vir die jaar eindigende 31 Desember 2011.

2 466 000 – 1 972 800 = 493 200 (Bruto-wins) ✓ ÷ 1 972 800 ✓ x $\frac{100}{1}$ = 25% ☑

3

2.4.2

**(a)** 18 000 x 106% = 19 080✓✓ (2)

**(b)** $\frac{400}{16\,000}$ ✓ x $\frac{100}{1}$ = 2,5% 16 400 x 102,5% = 16 810 ✓☑ (3)

**(c)** (266 870) : sluitingsaldo van die vorige maand ✓ (1)

6

2.4.3 Die gemiddelde debiteure- invorderingstydperk vir 2011 (in maande).

$$\frac{½(70\ 120+94\ 280)}{2\ 466\ 000\ x\ 10\%} = \frac{82\ 200\ ✓✓}{246\ 600\ ✓✓} \times \frac{12}{1} = 4 \text{ maande } ☑$$

*Deelpunte mag vir die bewerkinge toegeken word (2 noemer en 2 teller)*

5

2.4.4 Deur van die vuurproefverhouding vir 2011 gebruik te maak, bereken die krediteure se saldo op 31 Desember 2011.

Debiteure: Krediteure + Oortrokke Bank
94 280: Krediteure + 40 000
0,5 : 1

½ (krediteure + 40 000) = 94 280✓
Krediteure = (94 280 x 2) – 40 000
188 560 ✓✓ – 40 000✓
= 148 560☑

5

2.5 Lewer kommentaar op die likiditeit van Freedom Handelaars en of jy dink dat hulle probleme daarmee sal ondervind. Motiveer jou antwoord deur na die gegewe verhoudings te verwys.

Die bedryfsverhouding dui aan dat hulle nie likiditeitsprobleme behoort te hê nie omdat hulle 4 keer meer bedryfsbates as bedryfslaste het. Die vuurproefverhouding inteendeel is net 0,5 : 1, wat aandui dat hulle te veel voorraad voorhande het. Dit beteken dat hulle likiditeitsprobleme kan ondervind as hulle nie gou genoeg van hulle voorraad ontslae kan raak nie.
Hulle is geneig om likiditeitsprobleme te ondervind en daarom kan ons tot die gevolgtrekking kom dat hulle nie hul bedryfskapitaal effektief bestuur nie.

*Enige aanvaarbare verduideliking" wat die kern hierbo benadruk."*

x2 bedryfsverhouding verduideliking ✓✓
x2 vuurproefverhouding verduideliking ✓✓
x2 kommentaar op likiditeit ✓✓

6

2.6 Lewer kommentaar op die debiteure -invorderingstydperk en die krediteure-betalingstydperk en stel voor hoedat hulle dit anders kan bestuur.

***Kommentaar:***

Krediteure laat net 30 dae vir krediet toe. Debiteure neem 4 maande om hulle skuld te vereffen. As gevolg van die groot voorraadsaldo en swak debiteurebeleid, wend hulle kontant as bedryfskapitaal aan.
Leun swaar op kontantverkope (90%) om verpligtinge na te kom – asook oortrokke bankrekening. *Enige ander aanvaarbare verduideliking* ✓✓

***Voorstel:***

Moet weer onderhandel vir beter terme met die krediteure om hulle kontantprobleme te verlig.
Moet van aansporings gebruik maak om debiteure aan te moedig om vroeër te betaal of pas kredietterme met debiteure aan.
Debiteure, as sulks, blyk nie ŉ te groot faktor te wees nie aangesien dit net 10% van verkope behels. *Enige ander aanvaarbare rede* ✓✓

4

2.8 Die besigheid beplan om ŉ lening van R400 000 in Maart 2012 te bekom. Verduidelik waarom jy dink dit ŉ wyse of onwyse besluit is.

Die lening is veronderstel om die kontantvloeiprobleem, wat in die kontantbegroting aan die lig gekom het, te verlig. (groot oortrokke bankrekening)
Die begroting is inkorrek omdat koste van verkope en ander nie-kontant items daarin misleidend is. Die korrekte kontantbegroting mag dalk aandui dat die lening nie regtig nodig is nie.
*Enige ander aanvaarbare rede* ✓✓

2

**[55]**

## VRAAG 3

## MAATSKAPPYE – FINANSIËLE STATE (65 punte ; 39 minute)

3.1 KR HANDELAARS BPK
INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR EINDIGENDE 29 FEBRUARIE 2012.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Verkope | (454 300 ✓– 2 700✓) of 2 punte | 451 600 | | ② |
| Koste van Verkope | | **(222 600)** | | |
| BRUTO-WINS | | 229 000 | ☑ | |
| Ander Inkomste | | 39 985 | | |
| Oninbare skulde ingevorder/verhaal | | 840 | ✓ | |
| Huurinkomste | (45 500 – 6 500) | 39 000 | ☑ | |
| Voorsiening vir Oninbare Skulde Aansuiwering (verminder) | | 145 | ✓✓ | |
| BRUTO- INKOMSTE | | 268 985 | | |
| Bedryfsuitgawes | | (199 385) | | |
| Telefoon | | 2 437 | ✓ | |
| Ouditfooie | | 4 450 | ✓ | |
| Oninbare Skulde | (2 142✓ + 353✓) *of 2 punte* | 2 495 | | ② |
| Versekering | (6 540✓ – 1 875✓) | 4 665 | ☑ | ③ |
| Skryfbehoeftes | (1 777✓ – 147✓) *of 2 punte* | 1 630 | | ② |
| Direkteursfooie | (157 500✓ + 4 500✓) | 162 000 | ☑ | ③ |
| Bankkoste | | 383 | ✓ | |
| Salarisse | | 15 180 | ✓ | |
| Handelsvoorraadtekort | (26 625 – 25 375) | 1 250 | ✓✓ | |
| Waardevermindering | | 4 890 | ✓ | |
| Bedryfswins | | 69 605 | ☑ | |
| Rente -inkomste | (5 775 ✓ + 1 925✓ + 250✓) | 7 950 | ☑ | ④ |
| Wins voor rente-uitgawe | | 77 555 | ☑ | |
| Rente-uitgawe | | (3 525) | ✓ | |
| NETTO-WINS VOOR BELASTING | | 74 030 | | |
| Inkomstebelasting | | (36 630) | ✓ | |
| NETTO-WINS VIR DIE JAAR | | 37 400 | ☑ | |

36

Merk die finale antwoord eerste (ken volpunte toe). As finale antwoord verkeerd is, ken deelpunte tussen hakies toe.
(-1) vir elke vreemde item (Balansstaatrekeninge) maks -3

Misplaaste items moet verkeerd gemerk word (rente)

3.2.1 **BEHOUE INKOMSTE**

| | | |
|---|---|---|
| Saldo op 1 Maart 2011 | 22 200 | ✓ |
| Nettowins…. *na belasting* | 37 400 | ☑ |
| Gewone aandeledividende | (24 350) | ☑ |
| • Betaal/tussentyds | 10 350 | ✓ |
| Aanbeveel/finale | 14 000 | ✓✓ |
| Saldo op 29 Februarie 2012 | 35 250 | ☑ |

7

3.2.2 **HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE BEDRAE**

| | | |
|---|---|---|
| Debiteurekontrole (17 245✓ + 308 ✓– 353✓) | 17 200 | ☑ ④ |
| Voorsiening vir Oninbare Skulde | (688) | ✓✓ |
| NETTO HANDELSDEBITEURE | 16 512 | |
| Vooruitbetaalde uitgawes (*Versekering*) | 1 875 | ✓ |
| Opgelope Inkomste (*Rente op belegging)*<br>7 700 – 5 775 | 1 925 | ✓ |
| SAIS – Inkomstebelasting (37 000 – 36 630) | 370 | ✓✓ |
| | 20 682 | ☑ |

11

3.3 Bereken die verdienste per aandeel (VPA), en verduidelik die bruikbaarheid van die finansiële aanwyser.

37 400 / 70 000 = 53c
☑ ✓ ☑

Dui die wins per aandeel gemaak aan – handig om met vorige jaar te vergelyk.
Kan winsgewendheid bepaal, kan ook alternatiewe beleggings-moontlikhede en mededingers "check"
Kontroleer markpryse (Aandelebeurs) en neigings in die mark.

*Enige ander aanvaarbare rede* ✓✓

5

3.4 Lewer kommentaar op die finansiële hefboomeffek/"gearing" van die maatskappy. Maak gebruik van 'n gepaste verhouding of finansiële aanwyser in jou verduideliking.

✓ ✓
Skuld : Eienaarsbelang 47 500 : 451 000 (350 000 + 35 750 + 35 250)
✓ 0,105 : 1 ☑ aanvaar 0,1 : 1

Besigheid is laaggerat – maak nie baie gebruik van vreemde kapitaal nie.
Maatskappy het meer aandele uitgereik om addisionele kapitaal te bekom – alhoewel dit veilig was om addisionele kapitaal te leen– benodig ontleding: het die besigheid werklik ekstra fondse nodig en wat van die koste verbonde aan lenings (rente)

*Enige aanvaarbare rede* ✓✓

6

**[65]**

## VRAAG 4

## KONTANTVLOEISTAAT, VERHOUDINGS EN VERTOLKING (60 punte ; 36 minute)

4.1.1 OUTBACK BPK
KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR EINDIGENDE 30 NOVEMBER 2011

| | NOTAS | | |
|---|---|---|---|
| **KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE** | (a) | 124 975 | ☑ |
| • Kontant gegenereer deur operasies | 1 | 1 043 225 | ☑ |
| • Rente betaal<br>Kontroleer oordrag van bedrag van 4.1.2 | | (36 850) | ☑ |
| • Dividende betaal<br>(128 000✓ + 308 000✓) | | (436 000) | ② |
| • Inkomstebelasting betaal<br>(2 000✓ – 450 000✓ +2 400✓) of<br>(-2 200✓ + 450 000✓ – 2 400✓)<br>Merk een lyn deurgaans. Ken deelpunte toe vir die berekeninge selfs al is die finale antwoord verkeerd. | | (445 400)<br>*Moet 'n uitvloei wees vir metode punt* | ☑④ |
| **KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE** | (b) | (155 000) | ☑ |
| • Aankoop van nie-bedryfsbates<br>(-1 841 625✓ – 56 000✓ – 85 000✓ + 1 742 625✓) of<br>(1 841 625 ✓+ 56 000✓ + 85 000✓ – 1 742 625✓)<br>Merk een lyn deurgaans. Ken deelpunte toe vir die berekeninge selfs al is die finale antwoord verkeerd. | | (240 000)<br>*Moet 'n uitvloei wees vir metode punt* | ☑⑤ |
| • Opbrengs met verkoop van nie-bedryfsbates | | 85 000 | ✓ |
| **KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE** | (c) | 174 000 | ☑ |
| • Opbrengs met die uitreik van aandele<br>200 000✓ (Gewone aandelekapitaal + 4 000 ✓ (Aandelepremie) | | 204 000 | ② |
| • Opbrengs/Terugbetaling van lenings<br>(320 000 – 350 000) | | (30 000) | ✓✓ |
| **NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE** | ** | 143 975 | ☑ |
| Kontant en kontantekwivalente (1 Desember 2010) | | (55 000) | ✓ |
| Kontant en kontantekwivalente (30 November 2011) | | 88 975 | ✓ |

** kontroleer totaal : (a) + (b) + (c) of (KKE) saldo's

| |
|---|
| 24 |

4.1.2 **Nota 1 : KONTANT GEGENEREER DEUR OPERASIES**

| | | |
|---|---|---|
| Nettowins … voor inkomstebelasting | 957 000 | ✓ |
| *Aansuiwerings vir:*<br>• Waardevermindering | 56 000 | ✓ |
| • Rente betaal(19 250✓ + 17 600✓) | 36 850 | ☑③ |
| Wins voor verandering in bedryfskapitaal | 1 049 850 | |
| Verandering in bedryfskapitaal | (6 625) | ☑ |
| *Toename/verandering in voorraad ✓(850 300 – 720 500)* | (129 800) | ✓✓ |
| *Afname/verandering in Debiteure ✓(560 000 –480 000)* | 80 000 | ✓✓ |
| *Afname/verandering in krediteure ✓(423 500 – 380 325)* | 43 175 | ✓✓ |
| KONTANT GEGENEREER UIT OPERASIES/BEDRYFSAKTIWITEITE | 1 043 225 | ☑ |

**Aanvaar gepaste alternatiewe vir besonderhede soos Handels- en Ander.... of Rekening ontvangbaar....*

16

4.2.1 Teen watter prys is die addisionele aandele uitgereik?

2 200 000 – 2 000 000 = 200 000✓
104 000 – 100 000 = 4 000✓

204 000 / 80 000✓
= R2,55 ☑

4

4.2.2 Bereken die gemiddelde opbrengs op aandeelhouersekwiteit vir die jaar eindigende 30 November 2011.

$$\frac{507\,000\ \checkmark}{½(4\,451\,000)\ \checkmark\ \checkmark\checkmark} \times 100 = 22{,}78\ \%\ \text{of}\ 22{,}8\%☑$$

507 000 / 2 225 500

Aaandeelhouersekwiteit :
(2 000 000 + 100 000 + 12 000 (OB)
2 200 000 + 104 000 + 35 000) (CB)
= 4 451 000

5

4.2.3 Verduidelik waarom jy dink dat die aandeelhouers tevrede behoort te wees met die opbrengs op hulle belegging. (Opbrengs op aandeelhouersekwitiet vir 2010 was 17%.)

Hoër as alternatiewe beleggings soos vaste deposito's (Kan die huidige rentekoerse wat deur banke aangebied word, noem) of hulle kan dit vergelyk met verlede jaar se opbrengs van 17% en noem dat daar 'n verbetering op die vorige jaar is.

*Enige ander aanvaarbare rede* ✓✓

2

4.2.4 Bereken die dividend per aandeel (DPA) vir die jaar eindigende 30 November 2011.

✓
(308 000 + 176 000) / 880 000 = 0,55 of 55c
484 000 ☑

2

4.2.5

| Gee 'n rede waarom jy dink dat die finale dividend baie laer as die tussentydse/interim dividend was. |
|---|
| Minder wins gemaak as wat verwag is.<br>Besluit om winste te gebruik om in besigheid te herbelê soos bv. aankoop van vaste bates, opgradering ens.<br>Om skulde te betaal, om likiditeit te verbeter en oortrokke bankrekening uit te wis.<br>*Enige aanvaarbare verduideliking* ✓✓ |

2

4.2.6

| Die netto-batewaarde (NBW) vir 2011 is 266c. Gee EEN faktor wat aanleiding gegee het dat die netto-batewaarde toegeneem het. |
|---|
| Vermeerdering in Behoue inkomste (belegging in verhoging van behoue inkomste)<br>Verkope van aandele teen 'n hoër premie (vermeerdering van aandelepremie).<br>Enige een oorsaak ✓✓ |

2

4.2.7

| As die markprys van die aandele van Outback BPK 252c is, sal dit 'n wyse besluit wees om nou van hulle te koop? Verduidelik. |
|---|
| ✓<br>Ja: Die NBW is 266c, wat die aandeelhouers graag sal wil ontvang in plaas van bankrotskap (likwidasie). Aandele word vir minder verkoop, so dit kan 'n waardevolle belegging wees.<br><br>Nee: Vraag bepaal die markprys – die lae markprys is 'n aanduiding dat daar is geen/verminderde vraag na die aandele daarom die laer prys. Moet ondersoek instel hoekom die publiek nie in die aandele belangstel nie<br>*Een goeie verduideliking* ✓✓ |

3

**[60]**

## VRAAG 5

## VERSOENING en BTW (40 punte ; 24 minute)

### 5.1 Krediteureversoening

5.1.1 Bereken die regte saldo van Kay Lee Voorsieners in die Krediteure Grootboek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Saldo | | | 36 804 |
| Verbetering van fout (2 880 – 2 280) | | 600✓✓ | |
| Oorboekingsfout | 1 690✓ | | |
| Herstelling van oorboekingsfout | 370✓ | | |
| Terugsendings in berekening gebring | 370✓ | | |
| Eindsaldo | | | 34 974☑ |

*Aanvaar enige reëlings deur leerders aangebied – ken die toegekende punte dienooreenkomstig toe*

*Ten minste een punt moes verdien geword vir ☑*

6

5.1.2 KREDITEUREVERSOENINGSTAAT OP 31 AUGUSTUS 2012.

| | | |
|---|---|---|
| Saldo soos per staat | | **36 600** |
| Weglating van handelskorting (9 120 x 5%) | ✓✓ | (456) |
| Weglating van kontantkorting vir vroeë betaling | ✓ | (800) |
| Kredietnota fout op staat (verkeerde terugsendings) | ✓ | 606 |
| Goedere teruggestuur – nie op staat | ✓ | (370) |
| | ☑ | **34 974** |

*Ten minste een punt moes verdien geword vir ☑*

6

### 5.2 Debiteure

5.2.1 ALGEMENE GROOTBOEK VAN JP WINKELS
BALANSSTAAT AFDELING
**DEBITEUREKONTROLE (B6)**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2011 Mei | 1 | **Saldo** | **a/b** | **21 670** | 2011 Mei | 31 | **Bank** | KOJ | 12 530 * ✓ |
| | 31 | Verkope (13 326 – 330✓) | DJ | 12 996 ☑ | | | **Korting Toegestaan** | KOJ | 470 |
| | | Bank (483 + 513✓) | KBJ | 996 ☑ | | | Debiteure-afslag (2 454 – 27✓+ 285✓) | DAJ | 2 712 ☑ |
| | | Diverse Rekeninge (537 + 57✓) | AJ | 594 ☑ | | | Diverse Rekeninge (700 + 570✓✓) | AJ | 1 270 ☑ |
| | | | | | | | Saldo | o/d | 19 274 |
| | | | | 36 256 | | | | | 36 256 |
| Junie | 1 | Saldo | a/b | 19 274 ☑ | | | | | |

*1 punt vir beide bedrae, of 'n totaal (13 000)

14

5.2.2 Die kredietkontroleur besef dat die debiteure-afslag te hoog is.

| |
|---|
| • Wat kan die besigheid doen om dit te verminder? (Twee punte). |
| Kwaliteitskontrole – verkoop produkte van goeie kwaliteit.<br>Stiptelike bestelling en versending van goedere.<br>Waarborge en opvolgbesoeke om produkte te kontroleer (afhangende watter soort produk dit is).<br>Kontrakteer aflewerings uit, verminder hantering ens.<br>*Enige ander aanvaarbare verduideliking (x 2)* ✓✓ ✓✓ |

4

5.2.3

| |
|---|
| 'n Debiteur, wat met drie maande se rente belas is teen 12% p.j. op sy agterstallige rekening van R3 560,is van mening dat dit onredelik is omdat die aankope van R1 250 onlangs in die maand gedoen is. Verduidelik waarom jy met hom saamstem. |
| Daardie deel van sy rekening is nie agterstallig nie. Die besigheid moet 'n debiteure ouderdoms-analise doen en rente bereken op die deel van die rekening wat agterstallig.<br><br>Die leerder moet ouderdoms-analise noem.<br>*Enige redelike aanvaarbare verduideliking* ✓✓✓ |

3

5.2.4 Die besigheid maak gebruik van die faktuurbasis-metode om hulle BTW te bereken.

| |
|---|
| • Beskryf die metode kortliks. |
| BTW word bereken op kontant- en kredsettransaksies en aangeteken in die maand waarin die transaksies plaasgevind het. Die BTW-vorm word voltooi en dienooreenkomstig ingehandig.<br>*Enige redelike verduideliking* ✓✓✓ |
| • Omdat die besigheid kontantvloeiprobleme ervaar, het die eienaar besluit om die INSET-BTW met R7500 op die BTW-vorm te verhoog. Watter implikasies kan dit vir die besigheid en eienaar inhou? |
| Die INSET-BTW moet aangepas word op die BTW-vorm maar die boeke se rekords sal die totale bedrag wat verskuldig is, aandui. Indien dit deur SAID geouditeer word, sal die besigheid verantwoordelik wees vir die addisionele boetes vir vervalsing van die BTW-vorm.<br><br>Die kandidaat mag die etiese gedrag van opsetlike vervalsing van die staat se belasting bespreek.<br><br>*Enige ander redelike aanvaarbare verduideliking*<br>*Twee volledige punte (Goed, bevredigend, redelik)* ✓✓ ✓✓ |

3

4

**[40]**

## VRAAG 6

## VOORRAADWAARDASIE EN BATEBESTUUR (35 punte ; 21 minute)

### 6.1 VOORRAADWAARDASIE

**6.1.1** Perkin Winkels maak gebruik van die geweegde-gemiddelde voorraadmetode om die waarde van hulle voorraad te bereken.
Bereken die eindvoorraad deur van bogenoemde metode gebruik te maak.

✓
$\frac{4\,650\,000}{930}$ = R5 000 x 418 eenhede = R2 090 000
✓ ✓ ☑

4

**6.1.2** Bereken die Brutowins van die TV stelle wat gedurende die jaar verkoop is, deur van die geweegde-gemiddelde metode gebruik te maak.

Koste van Verkope:
510 eenhede x 5 000 = 2 550 000

✓ ☑*
4 845 000 (Verkope) – 2 550 000

Bruto-wins = 2 295 000☑

* (afhangende van die berekende geweegde gemiddelde)

3

**6.1.3** Perkin oorweeg dit om oor te slaan na die EIEU voorraad metode om die waarde van sy voorraad te bereken.
Bereken die Bruto-wins deur van die metode gebruik te maak.

Koste van Verkope: 228 x 4 300 = 980 400
190 x 4 750 = 902 500
Totaal: 1 882 900

Verkope – Koste van Verkope= Bruto-wins
4 845 000 – 1 882 900 = 2 962 100☑
✓ ✓✓

4

**6.1.4** Watter metode is volgens jou mening die mees gepaste een om te gebruik? Gee 'n rede vir jou antwoord.

EIEU ✓
Dit is die mees aangewese metode om te gebruik vir groot items waar die individuele koste verander en meer produkte elke jaar aangekoop word en sodoende maklik gekontroleer kan word. Die geweegde-gemiddelde is meer geskik vir goedere met 'n laer waarde/groot hoeveelhede aangekoop word. *Een geldige verduideliking* ✓✓

3

**6.1.5** Alhoewel Perkin vasbeslote is om dieselfde soort TV stelle te verkoop, neem hy nie kennis van die merkwaardige verskil tussen die aantal TV stelle aan die begin en aan die einde van die jaar nie.
Verduidelik waarom hy bekommerd oor die tendens behoort te wees en noem TWEE voorstelle hoe hy die situasie kan oplos.

***Hoekom behoort hy bekommerd te wees?:***

Die koste van die produkte het drasties afgeneem as gevolg van nuwe produkte wat tot die mark toegetree het. Tegnologiese ontwikkelinge maak die moderne produkte meer aantreklik en daarom is daar 'n afname in die produkte van Perkin se TV-stelle.
Die gevaar van oortollige of ou produkte-versekering gaan dalk nie die ou produkte dek nie.
*Enige ander aanvaarbare verduideliking* ✓✓

***Voorstelle:***

Moet daaraan dink om sy reeks van produkte uit te brei en na-verkope diens te lewer.
Verminder die persentasie winsopslag om verkope te vermeerder– probeer om verliese te verminder. *Enige aanvaarbare voorstel* ✓✓ ✓✓

6

## 6.2 BATEBESTUUR

6.2.1

| Bereken koste van die verkoopte voertuig (**a**) | |
|---|---|
| 175 000 + 120 000 – 200 000 = 95 000<br>✓ ✓ ✓ ☑ | Voertuie<br>Saldo 175 000 \| Bateverkope **95 000**<br>Nuwe 120 000 \| Saldo 200 000 |

4

6.2.2

| Voorsien gepaste besonderhede vir **(b)** en **(c)** in die bateverkope rekening. | |
|---|---|
| (b) | Wins met verkoop van bate ✓ |
| (c) | Krediteurekontrole (*as gevolg van die inruil-transaksie*) ✓ |

2

6.2.3

| Bereken die wins op verkoop van die bogenoemde voertuig. |
|---|
| (55 225 + 45 000) – 95 000 = 5 225<br>✓ ✓ ☑ ☑ |

4

6.2.4

| Die besigheid maak gebruik van die verminderde-saldo-metode (drawaarde) om hul waardevermindering te bereken. Bereken die waardeverminderingskoers (persentasie). |
|---|
| (95 000 – 52 000) x $\frac{a}{100}$ x $\frac{3}{12}$ = 3 225 (55 225 – 52 000)<br>✓ ✓<br>$a = \frac{3\ 225\ x\ 1\ 200}{3(43\ 000)}$ = 30%☑<br>✓✓ |

5

**[35]**

**TOTAAL: 300**